

STEL DIE GEUR VAN GOD VRY

(Joh 15:1-27)

ONS IS DRAERS VAN GOD SE HEERLIKHEID

SY HEERLIKHEID KOM NA VORE DEUR DIE VRUG WAT ONS DRA

(Joh 15:8 AOV) Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees. (Mat 3:8 AOV) Dra dan vrugte wat by die bekering pas.

- (1) God het alles met heerlikheid geskape.
- (2) God het alles geskape om Sy heerlikheid te vertoon.
- (3) God is tevrede wanneer Sy heerlikheid gesien word (Gen 1).
- (4) God het die mens geskape as die grootste uitstalling van Sy heerlikheid.

GOD SE HEERLIKHEID IN ONS KOM UIT ONDER DRUK

- Beproevinge/toetse/weerstand/struikelblokke speel 'n belangrike rol in ons geestelike groei na volwassenheid.
- Beproevinge is 'n onvermydelike deel van ons lewe, en dit maak of breek ons.
- God wil dit gebruik om Sy heerlikheid in ons te vertoon; en
- Om ons te help om God op wyses te leer ken wat ons Hom andersens nie sou leer ken het nie.
- Ons is geneig om te kla oor ons beproewinge, maar God wil dit gebruik om ons te versterk en ons tot volwassenheid te bring en om Sy heerlikheid (geur) vry te stel. (2 Kor 7:9-11)

GEEN UITDAGINGS–GEEN GROEI

As ons nooit uitdagings gehad het nie sou ons nooit geleer het dat God dit kan oplos nie. God stel uitdagings en geleenthede daar wat ons tot die einde van ons eie krag en hulpbronne dryf, sodat ons op die punt sal kom waar ons besef en bely: *Here ek kan nie meer nie, ek kan nie in my eie krag nie, wys U krag en sterkte vir my in hierdie situasie.* Uitdagings wat ons in die gesig staar is eintlik geleenthede waar God in ons, vir die wêreld wil demonstreer wie Hy is. **(1 Joh 4:4; 1 Joh 5:4-5; Jak 1:2-4; 12; 1 Pet 1:6-8) God se heerlikheid in ons, is nie vir ons eie voordeel nie, maar tot die voordeel van ander om JESUS se heerlikheid/krag in en deur ons te ervaar tot getuigenis en tot redding. Die Here crush en squeeze ons soms, sodat Sy heerlikheid in ons na vore kan kom. Ons mag miskien ongemaklik wees met die druk wat Hy uitoefen, maar God is**

verheug met die geur wat uitkom as gevolg daarvan. God het ons geskape om Sy heerlijkheid vry te stel in die wêreld en sy doel en wil in ons lewens sal nie voltooi wees tot die aarde vol van Sy heerlijkheid is nie. God is nie geïnteresseerd dat ons 'n gemaklike en gelukkige lewe het nie, maar dat ons meer soos JESUS word! God is Gees (Joh 4:23-24) en die vrug van die Gees (Gal 5:22) sal in ons lewe na vore kom onder druk soos met JESUS as Hy waarlik ons wynstok is (Joh 15).

JESUS SE HEERLIKHEID WAS UITGEBRING TOE HY AAN DIE KRUIS GESTERF HET EN DIE REUK VAN SY LIEFDE AAN DIE WÊRELD VRYGESTEL HET

(Joh 12:23-24) 'n Appel saad moet sterf voor dit 'n appelboom kan voortbring. Die boom is in die saad, maar die saad moet *gecrush* word voor die boom kan uitkom. Tensy die saad sterf, kan die boom nie na vore kom nie. En wanneer die boom na vore kom sal hy baie sade laat voorkom wat versprei kan word. Ons moet sterf dat JESUS in ons na vore kan kom. **As jy skielik deur meer problem gaan sedert jy 'n gelowige geword het, weet dat dit God is wat geleenthede skep dat jy kan groei in die Gees, volwasse kan word in JESUS, sodat Sy heerlijkheid in jou vrygestel kan word, dat baie tot bekering kan kom. (Gen 50:20)**

AAN JOU VRUG WORD JY GEKEN

- **(Matt 7:16-20)** God beoordeel die aanvaarbaarheid van die vrug aan sy oorsprong en bron. JESUS sien die waarheid en onderskei die vrug wat ons regtig dra.
- Wanneer ons in die Woord bly begin ons dieselfde karakter en natuur van JESUS aanneem, soos die Heilige Gees in ons en ons omstandighede werk.

DIE VRUG VAN DIE WÊRELD

- Bestaan uit: **(Gal 5:19-21)**

DIT IS ELKE CHRISTEN SE VERANTWOORDELIKHEID OM GOEIE VRUG TE DRA

- Dit is onmoontlik om goeie vrug uit jouself te produseer. JESUS is die bron van die Christelike lewe en Hy gee die vermoë aan ons om goeie vrug te dra.
- Goeie vrug is 'n produk van die inwonende Gees binne jou in samewerking met die Lewende Woord wat jy daagliks lees, sodat die waarheid jou kan vrymaak, en gebed waartydens God al die klippe en stof verteer.
- Die Heilige Gees kan hierdie vrug nie alleen produseer nie. Hy het die samewerking van elke Christen nodig om hierdie vrug in hulle lewe uit te bring.

DIE VRUG VAN DIE GEES

(Gal 5:22; 2 Pet 1:4-8)

1. LIEFDE

Joh 13:34-35; Joh 15:8-10; Matt 6:14-15 Die perfekte liefde deur God aan ons gewys deur JESUS, bring ons onder verpligting om Sy liefde met ander te deel. God is lief vir alle mense, selfs sondaars. Hy verwag dat Christene hierdie liefde wat hulle ontvang het met almal sal deel. Hierdie liefde is 'n doelbewuste uitdrukking en demonstrasie van God self. Elke vrug van die Gees word uitgedruk met liefde. Geen gawe van die Heilige Gees kan behoorlik funksioneer sonder liefde nie.

God die Vader - Bron van liefde



Jesus Christus - Het God se liefde na ons gebring



Heilige Gees - Motiveer die verspreiding van God se liefde



Christene - Versprei God se liefde



So word God se liefde aan die wêreld gewys.

2. BLYDSKAP

Joh 15:10; Hand 20:19,24; Joh 16:24; Joh 17:13; Efs 5:18-19; Hand 5:41; Hebr 12:2; Psalm 126:5; Luk 15:5-7; Jes 35:10; Psalm 16:11; Rom 14:17; Luk 10:21. Die blydschap van die Gees kan nie van die dissipels weggeneem word nie, net so min as wat die liefde kan verminder en vernietig word deur natuurlike omstandighede. Hierdie blydschap is baie meer is 'n tydelike emosionele gevoel wat met tyd weggaan.

3. VREDE

Jes 48:22; Joh 14:27; Psalm 29:11; Jes 26:3; Joh 16:33; Fil 4:6-9; Jes 9:6; Psalm 119:165; Spr 3:1-2. Vrede met God ontvang jy wanneer jou siel gered word en is 'n geskenk en gee jou die vermoë om in *fellowship* en harmonie met elke Christen en met God te leef. Vrede van God is 'n vrug van die Gees. Die woord vrede beteken: kalmte, rus, harmonie, eenheid, en elke tipe seëning.

4. LANKMOEDIGHEID

1 Thess 5:14-15; 1 Tim 1:15-16; Jak 5:7-8; Matt 18:26. Lankmoedig beteken: wat baie kan verdra sonder om kwaad te word; geduldig, toegewend. God is lankmoedig met elkeen van ons. Nie net het Hy geduldig gewag vir ons wat Hom teëgegaan het nie, maar Hy het toe ons sondes bely het, ook ons sonde weggewas en ons in Sy familie aanvaar.

5. VRIENDELIKHEID

Fil 4:5. Ook beskryf as welwillend: goedgesind, tegemoetkomend. **Hierdie vrug getuig van “moral excellence” in karakter, van ‘n opregte karakter en van ‘n posisie van goeds gesindheid om ander te help.** Die meeste probleme tussen mense sal verdwyn as hulle vriendelik teenoor mekaar word.

6. GOEDHEID

Om goed te wees en goed te doen is ‘n baie sterk karakter van voortreflikheid. **Dit is om nie beperk te word deur ‘n lys van “do’s” en “don’t’s” nie, maar om ander te dien terwyl ons eie lewe ondewerp is aan die leiding van die Heilige Gees.** Die sleutel vir hierdie vrug om ten volle te ontwikkel is: bly in JESUS. Bestudeer die lewe van JESUS en jy sal hierdie vrug baie duidelik na vore sien kom.

7. GETROUHEID

Getrouheid kom deur ‘n geloof wat ontwikkel is. Dit word ontwikkel deur: **(1)** Van God te hoor deur Sy Woord. **(2)** Hom te glo, **(3)** in Hom te glo en **(4)** Hom te vertrou. **(5)** Gehoorzaam aan Hom te wees. **(6)** Geduldig te wees ten opsigte van JESUS se werk en doel in jou lewe

8. SAGMOEDIGHEID

Num 12:3. Hierdie is ‘n goed gebalanseerde persoonlikheid wat **leerbaar en nederig** is. Dit beteken dat so ‘n persoon sag van inbors is, nie streng, bars of kwaai is nie, saggeaard en minsaam is. **Hierdie vrug is ‘n resultaat van die Heilige Gees wat ‘n persoon se karakter dissiplineer en vorm, sodat hy saggeaard en sensitief vir ander se behoeftes is en nie self-aanstellerig sal wees nie.**

9. SELFBEHEERSING

Spr 25:28; Rom 6:12; 1 Kor 6:12; 2 Tim 1:7; 2 Kor 10:5; Fil 4:6; Jak 1:14-15. Beteken die bedwing van ‘n mens se drifte en hartstogte. **‘n Persoon wie se emosies en begeertes nie beteuel en streng beheer word nie is ‘n gevaar vir homself en**

ander. As Christene moet ons ons liggame, en gedagtes beheer. Moet ons ook nie toelaat dat vrees ons beheer nie, maar God se krag en liefde.

DIE GROOT GEBOD

(Joh 13:34 AOV) 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. (Joh 13:35 AOV) Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

DIE GROOT OPDRAG

(Mat 28:19 AOV) Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Mat 28:20 AOV) En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Het jy al ooit aan jouself gedink as die aroma van Christus. As jy jouself sal sien as die aroma van Christus, die geur van lewe, sal dit verander hoe jy jou omstandighede en mense benader. Watter geur het jy die afgelope tyd afgegee wanneer jy beproewinge en struikelblokke moes oorkom. Was dit die geur van Christus? Kon die wêreld Christus aan jou ruik?

Dit gaan vereis dat ons kwaliteitsverhoudinge met ander bou om hulle bloot te stel aan sy heerlikheid - dit sluit gelowiges en ongelowiges in.

Dit is die tasbare bewys van die GROOT GEBOD wat Jesus aan ons gegee het

- (1) Wees deel van **mekaar** 1 Joh 1:7
- (2) Dra **mekaar** Gal 6:2
- (3) Bid vir **mekaar** Jak 5:16
- (4) Bemoedig **mekaar** 1 Thes 4:18
- (5) Vermaan **mekaar** Heb 3:13
- (6) Hou vrede onder **mekaar** 1 Thes 5:13
- (7) Dien **mekaar** in liefde Gal 5:13
- (8) Wees hartlik teenoor **mekaar** Rom 12:10
- (9) Wees gasvry teenoor **mekaar** 1 Pet 4:19
- (10) Vergewe **mekaar** Efe 4:32
- (11) Wees onderdanig aan **mekaar** 1 Pet 5:5

- (12) Verdra **mekaar** in liefde Efe 4:1-2
- (13) Wees eensgesind onder **mekaar** Rom 12:16
- (14) Wees lief vir **mekaar** Joh 15:17
- (15) Dra gelyke sorg vir **mekaar** 1 Kor 12:25
- (16) Wees vriendelik en vol ontferming teenoor **mekaar** Efs 4:32
- (17) Moenie **mekaar** veroordeel nie Rom 14:15
- (18) Moenie op **mekaar** jaloers wees nie Gal 5:26
- (19) Moenie teen **mekaar** sug nie Jak 5:9
- (20) Moenie **mekaar** beskinder nie Jak 4:11
- (21) Moenie vir **mekaar** lieg nie Kol 3:9

Ons gaan moet uireik na die wêreld om die geur van JESUS in ons vry te stel

(Matt 28:19) Hier vind ons die GROOT OPDRAG van Jesus aan die kerk:

 **Gebed** (Voorbereiding in die Gees)

 **Mobilisering** (Die infiltrasie van die gemeenskap - Evangelisasie)